

**Sing vooraf staande: Skrifberyming 16-1:1, 2, 3 (15:1, 2, 3)**

- 1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,  
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,  
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."
- 3 En die Here het sy arrens / koest'rend om hul heen geslaan,  
met sy hande op hul hoofde, / hul geseën, en weer laat gaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 113:1, 2, 3 (p. 559)

- 1 Hef aan, Gods knegte, loof verblyd, / van nou af tot in ewigheid,  
die Naam en roem van God die HERE. / Bring Hom van waar die môre straal,  
tot waar die sonlig saans weer daal, / die lof, aanbidding, prys en ere!
- 2 Die HEER wat in die hemel woon, / wat bo die wêreldvolke troon,  
is hoog, met heerlikheid omgewe. / Ja, wie is hoog soos onse HEER  
Nogtans sien Hy genadig neer / op wie voor Hom in kleinheid lewe.
- 3 Die HEER verhef uit as en stof / geringes, wat Hy tot sy lof  
laat woon by prinse in hul paleise. / Hy skenk onvrugbares sy troos  
en maak hul moeders van 'n kroos. / Loof God met eer- en dankbewyse!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 51:5, 6 (p. 261)

- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.  
Was weg, delg uit my ongeregtighede, / herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.  
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!  
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van my nie.
- 6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;  
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.  
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"  
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondaars bly verkondig.

Gebed

Psalm 115:7, 8 (p. 565)

- 7 God die HEER het ons gedenk / na sy troue bondsbestel.  
Seëninge sal Hy skenk / aan die huis van Israel;  
seëninge van die HEER / daal op Arons kinders neer.
- 8 Hy sal seën wie Hom vrees, / groot en klein wat op Hom wag;  
ja, Hy sal hul allermees / seën in hul nageslag.  
Hy wat spreek, en 't het geskied, / sal sy seen oor hul gebied.

**Skriflesing:** Genesis 17:1-14; Handeling 2:37-42;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 27:74

**Kernvers:** Genesis 17:7; Handeling 2:39

**En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.**

(Genesis 17:7 AFR53)

**Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.**

(Handeling 2:39 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

*Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van sondes (b) en die Heilige Gees wat die geloof werk (c), beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e), in die plek waarvan in die Nuwe Verbond die doop ingestel is (f).*

(a) Gen 17:7. (b) Matt 19:14. (c) Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39. (d) Hand 10:47. (e) Gen 17:14.

(f) Kol 2:11-13.

**Tema:** God se verbond met ons eis dat ons kinders gedoop word

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, as daar nou een sakrament is waaroor daar maar net nie rus wil kom nie, is dit die sakrament van die doop en dan in besonder die doop van kinders. Ons weet almal dat die Baptiste, AGS en die Volle Evangelie Kerk niks wil weet van die kinderdoop nie. Maar in 'n sekere mate het ons daarmee vrede in ons hart gemaak. Ons kan nie sê omdat hulle nie kinders wil doop nie dat hulle nou nie kinders van God is nie.

Wat egter ontstellend is, is dat sovele jong Gereformeerde lidmate dikwels deur die aanslae van die kerke wat die kinderdoop teëstaan, omvergegooi word. Die argumente wat hierdie kerke aanvoer, is vir daardie jong Gereformeerdes so oortuigend dat hulle summier die leer oor die doop in twyfel begin trek. Maar dit is nie net jong lidmate wat omvergegooi word nie. Daar is ook ouer Gereformeerde lidmate wat soms hulle twyfel oor die geldigheid van die kinderdoop uitspreek.

As ons die geldigheid en die troos van die kinderdoop wil begryp, is dit nodig dat ons die verbond van die Here sal begryp. In ons antwoord van vraag 74 kom die woord *verbond* nie minder nie as vier keer daarin voor. Juis omdat die woord *verbond* so herhaal word, besef ons dat ons dit nie sommer kan ignoreer nie. Daarom gaan ons dan ook by die verbond begin sodat ons uiteindelik by die troos van die kinderdoop kan uitkom.

Broers, susters en kinders, wanneer ons in Genesis 17 van die verbond lees wat die Here met Abraham opgerig het, weet ons dit is nie die eerste keer wat daar van 'n verbond tussen God en Abraham sprake is nie. Toe Abraham al nagenoeg tien jaar in die beloofde land was en hy nog geen nageslag gehad het soos die Here belowe het nie, het hy gereken dat sy slaaf Eliëser maar al sy besittings sal erf. Die Here het egter aan Abraham die verseker gegee dat nie Eliëser nie, maar een wat sy eie nasaat is, sy erfgenaam sal wees. Die Here het Abraham toe na buite sy tent gelei en gesê:

**Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. (Genesis 15:5 AFR53)**

Dan gebeur daar iets wat menslik onverklaarbaar is. Abraham begin nie om die sterre te tel nie; hy het die Here geglo. Aan sy omstandighede het daar nog niks verander nie, maar hy glo wat die Here sê, want deur die inwerking van die Heilige Gees weet hy dat God sal doen wat Hy gesê het. En die Here het Abraham se geloof tot geregtigheid gereken (Gen 15:6). Toe voeg die Here ook nog by dat Hy die beloofde land aan Abraham sal gee as besitting. En as Abraham vra hoe hy seker kan wees dat hy die land in besit sal neem, sluit die Here sy verbond met Abraham. Die Here waarborg dat Abraham die land in besit sal neem.

Toe God die verbond aanvanklik met Abraham gesluit het, was net die Here en Abraham teenwoordig. 'n Mens kan sê dit was 'n private aangeleentheid. Maar die verbond van die Here met Abraham moenie 'n private aangeleentheid bly nie. Die Here tree met die verbond nie net met Abraham alleen in 'n verhouding nie. Daarom sê die Here in ons kernvers vir Abraham:

**En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. (Genesis 17:7 AFR53)**

Net eers hierdie opmerking oor die woord *verbond*. In die Griekse vertaling van die Ou Testament – hierdie vertaling staan bekend as die Septuaginta – is die woord *verbond* vertaal met die woord *diatheke*. So word die *verbond* ook in die Nuwe Testament genoem. Nou sal jy vra: Maar wat sê dit nou vir ons? As ons hoor hoe die Griekse woord *diatheke* vertaal kan word, gaan dit duidelik word. *Diatheke* beteken *testament* of *beskikking* of *verordening*. Die woord *testament* is vir ons almal goed bekend. In 'n testament skryf 'n mens mos wat jy aan iemand anders bemaak wanneer jy sterf. Jy alleen bepaal wat in jou testament geskryf word. Met dit as agtergrond gaan ons terug na die woord *verbond*.

Die verbond wat die Here met Abraham en sy nageslag oprig is 'n verhouding wat deur God se genade bepaal word. Die Here is nie verplig om in 'n verbondsverhouding met Abraham en sy nageslag te tree nie, maar Hy wil en Hy doen dit. Dit is sy reg as God om met sy goed te maak wat Hy wil. Hy wil sy goedheid en genade deel met die mense met wie Hy in 'n verhouding tree. Daarom noem ons hierdie verbond wat God met Abraham en sy nageslag oprig die genadeverbond.

God neem die inisiatief om sy verbond op te rig met Abraham en sy nageslag. Daarin belowe die Here dat Hy vir hom en vir sy nageslag God sal wees. Dit het beteken dat God hom en sy nageslag te midde van 'n vyandige omgewing sal bewaar, beskerm, versorg en lei. Dit het verder beteken dat God sy sondes sal vergewe en die ewige lewe aan hom en sy nageslag sal gee (Rom 4:4-5).

Abraham en sy nageslag is dus nie vrywillige vennote van die Here in hierdie verbond nie – hulle staan nie op gelyke voet met die Here nie – die Here sê van bo af vir Abraham en sy nageslag: Ek sal julle God wees. Maar die feit dat die Here met Goddelike gesag Homself as God aan Abraham en sy nageslag belowe beteken nie dat Abraham en sy nageslag passiewe ontvangers van die belofte bly nie. Die Here sê uitdruklik dat Abraham en sy nageslag die verbond van die Here moet hou/bewaar (Gen 17:9). Dit beteken dat Abraham en sy nageslag die Here moet glo. Daaruit volg dan dat hulle naby die Here sal bly lewe en opreg sal wees. Hulle moet eerlik in hierdie verhouding met die Here wees. En as jy eerlik is in jou verhouding met die Here, doen jy nie iets waarvan Hy nie hou nie.

Jy doen ook nie iets wat jy eerder vir Hom wil wegsteek nie. Jy lewe openlik en eerlik, dit wil sê opreg, voor Hom, maar as jy dan iets gedoen het wat verkeerd is in sy oë bely jy jou skuld en sonde teenoor Hom en smee Hom om vergifnis. Hy het immers belowe om jou God te wees.

Die eerste ding wat Abraham en sy nageslag moes doen om te wys dat hulle die Here glo, was om besny te word. Abraham is besny en al die manlikes in sy huis is besny omdat Abraham die Here geglo het. Hy het die besnydenis as teken aan sy liggaam gehad sodat hy voortdurend herinner is aan God se belofte aan hom en sy nageslag, maar ook aan God se eis om gehoorsaam te wees teenoor die Here. Die verbond van die Here met Abraham en sy nageslag kom dan hierop neer: die Here sê: Ek sal God wees vir jou en jou nageslag, en jy en jou nageslag sal my volk wees.

Dit is hierdie woorde van die Here wat ons dwarsdeur die Ou Testament hoor. Keer op keer roep die profete die volk terug na die Here op grond van die verbond wat Hy met hulle opgerig het. Vir al die eeue van die Ou Testament geld hierdie verbond, want die Here het vir Abraham gesê dat Hy die verbond oprig as 'n ewige verbond.

Die natuurlike vraag wat nou by 'n mens opkom, is: Geld hierdie genadeverbond van God nog steeds in die Nuwe Testament? Die mense wat nie die eenheid van die Ou en die Nuwe Testament erken nie, sal dadelik sê dat die genadeverbond verby is. Daarom begin hulle lees by Matteus 1 tot Openbaring 22 om die doop te verstaan. En indien 'n mens net die Nuwe Testament wil lees om die doop te begryp, gaan jou oog nie oop wees vir die genadeverbond van die Here nie. Gevolglik sal jy dan maklik die afleiding maak dat kinders nie gedoop behoort te word nie, want oppervlakkig gelees sien jy net volwassenes wat tot geloof kom en dan gedoop word.

Ons gaan egter van die standpunt af uit dat die Ou en die Nuwe Testament die een Woord van die lewende God is. Die Nuwe Testament het nie sommer uit die lug geval nie. Die Nuwe Testament is gebore uit die beloftes wat die Here in die Ou Testament gemaak het. Iemand het gesê dat die Ou Testament die Nuwe Testament in 'n blomknop is en die Nuwe Testament is die Ou Testament wat in volle blom staan. Calvyn het die eenheid en die gelykheid van die Ou en die Nuwe Testament in drie dinge gesien: Eerstens dat die basis dieselfde is, naamlik God se genade in Jesus Christus, tweedens dat die beloftes van die ewige lewe dieselfde is, en derdens dat daar slegs een Middelaar is, naamlik Christus, die Seun van die lewende God.

Daarom is dit nie vreemd om die verbondswoorde van die Ou Testament – die woorde wat God gesê het: Ek sal God wees vir jou en jou nageslag, en jy en jou nageslag sal my volk wees – in die Nuwe Testament raak te loop nie. Hoor hoe skryf Paulus dit in die tweede brief aan die Korintiërs:

**Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige. (2 Korintiërs 6:18 AFR53)**

In sy brief aan die Galasiërs wys Paulus uitdruklik daarop dat die verbond wat God met Abraham gesluit het steeds voortbestaan. Die hele derde hoofstuk van Galasiërs wys Paulus daarop dat die beloftes van die verbond steeds geldig is. Uiteindelik vat hy dit so saam:

**En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename. (Galasiërs 3:29 AFR53)**

Die verbond loop deur tot na die wederkoms van Jesus Christus. As Johannes die openbaring van die nuwe hemel en die nuwe aarde van Jesus ontvang dan sê hy onder andere:

**Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.**

(Openbaring 21:3 AFR53)

Die Here het vir Abraham gesê dat die verbond wat Hy met hom en sy nageslag oprig 'n ewige verbond is. En dit is inderdaad 'n ewige verbond, want dit duur tot in die ewigheid na Jesus Christus se wederkoms. Daarom lees ons nie van Matteus 1 af nie, maar van Genesis 1 af tot by Openbaring 22 wanneer ons die doop wil begryp. Die doop staan immers in die nouste verband met die verbond wat die Here in genade met Abraham begin het en voortsit tot in alle ewigheid.

Nou bely ons dat die besnydenis die teken van die verbond was in die Ou Testament. God het immers vir Abraham gesê:

**Al wat manlik onder julle is, moet besny word – julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle.** (Genesis 17:10-11 AFR53)

In die Nuwe Testament is die teken van die verbond die doop. Die besnydenis het dus plek gemaak vir die doop. Hoe moet ons dit verstaan? Om dit te verstaan moet ons steeds onthou dat die Ou en die Nuwe Testament in 'n eenheid tot mekaar staan. Daar is nie 'n vyandige verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament nie. Dit is nie wet teenoor evangelie, vloek teenoor seën, duisternis teenoor lig nie. Nee, die verhouding van die Testamente is dié van skemeroggend en helder dag. En tussenin staan Jesus Christus as die Son van Geregtheid (Mal 4:2).

Omdat die Bybel 'n eenheid is waarin die een verlossingsplan van God geopenbaar word, is daar net een genadeverbond waardeur God vir Hom een volk as sy volk neem. Hierdie eenheid word moontlik gemaak deur 'n middelpunt, naamlik die sterwe en opstanding van die Seun van God. Histories lê die een verlossingsplan van God weerskante van die Seun – agter Hom lê die skemeroggend van die Ou Testament wat met bloedoffers roep na Hom wat God se Offerlam is, en voor Hom lê die helder dag van die Nuwe Testament wat na Hom terugkyk en uit sy sterwe en opstanding leef.

Die besnydenis as verbondsteken van die Ou Testament is dus wesenlik toekomsgerig. Die verlossing en saligheid in Christus moes nog kom. Sy bloed moes nog vloei. Maar die doop as verbondsteken van die Nuwe Testament wys na die verlede. Die verlossing en saligheid in Christus het gekom. Sy bloed het gevloei. Jesus het die offer gebring wat aan die geregtigheid van God voldoen. Daarom kom die bloedoffers sowel as die bloedsakrament tot 'n einde. Daar kom 'n ander teken en seël waaraan geen bloed hoef te kleef nie.

Omdat die besnydenis en die doop die verbondstekens van die een genadeverbond in die twee Testamente is, is dit ook te verstane hoekom daar oor die doop in die taal van die besnydenis gepraat word (Kol 2:11) en van die besnydenis in die taal van die doop gepraat word (Rom 4:11). Wie nie die eenheid van die sakrament en die genadeverbond handhaaf nie, skeur die Ou en die Nuwe Testament uitmekaar.

Die eenheid van die Ou en die Nuwe Testament is dus geleë in die een genadeverbond en een verlossingsplan van God. Daarom is die besnydenis en die doop die tekens van die

één verbond. Maar geld die doop dan ook vir kinders soos wat die besnydenis vir kinders geld het? Wat leer ons van God se houding teenoor kinders?

Ons hoor van God se gesindheid teenoor kinders juis wanneer Hy sy verbond met Abraham oprig. Hy sal Abraham en Abraham se nageslag se God wees. Hy is God ook vir die kinders. Daarom moet ook die seuntjies van agt dae oud besny word, want God is daardie kind se God. Aan die kindjie belowe God ook sy beskerming en sorg. En soos wat Hy van Abraham gehoorsaamheid eis, eis Hy dit ook van die kind. Daarom kry ouers die opdrag van die Here om hulle kinders van die Here te leer sodat die kinders God se beskerming en sorg aan hulle kan beantwoord met 'n eerlike en opregte lewe waarin hulle die Here liefhet.

Wanneer dit dus by die verbond kom, behandel die Here nie die kinders as buitelanders nie. Hulle is voluit deel van die volk van die Here met wie Hy sy verbond oprig. Op grond van die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament kan ons verwag dat die Here hierdie selfde gesindheid teenoor kinders sal hê in die Nuwe Testament. En dit is inderdaad so. Wanneer die mense op Pinksterdag vir Petrus vra wat hulle nou moet doen nadat hulle gehoor het dat Jesus werklik die Verlosser is wat God vir die wêreld gegee het, sê Petrus:

**Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep. (Handelinge 2:38-39 AFR53)**

Kinders bly net soos die volwassenes deel van God se nuwe volk in die Nuwe Testament. Die apostels behandel hulle nie as iets ekstra of as misplaaste skepseltjies wat maar verdra word nie. Die belofte wat God aan die volwassenes toesê geld net soveel vir hulle kinders ook. En as ons verder hoor dat die mense wat toe Petrus se woord met blydschap aangeneem het en gedoop is omtrent drie duisend mense was, is die natuurlike afleiding dat hierdie drie duisend mense volwassenes en kinders was.

Ja, dit is waar, daar word nêrens in die Nuwe Testament in soveel woorde gesê dat kinders gedoop is nie. Ons lei dit af wanneer daar vier keer gesê word dat iemand saam met sy huisgesin gedoop is. Ons lees dit van Cornelius (Hand 10:2, 48), Lidia (Hand 16:15), die bewaarder van Filippi (Hand 16:31-33) en Stéfanas (1 Kor 1:16). En as ons wil weet wat word onder *huisgesin* verstaan, kan ons maar weer terugblaaï na Genesis toe. As die farao saamstem dat Josef se broers in Egipte moet kom woon, sê hy:

**En gaan haal julle vader en julle huisgesinne en kom na my toe, dan sal ek julle die beste van Egipteland gee ... Neem vir julle uit Egipteland waens vir julle kinders en julle vroue, en vervoer julle vader en kom. (Genesis 45:18, 19 AFR53)**

Huisgesinne is kinders en vrouens in die Ou sowel as in die Nuwe Testament.

Nou is daar nog 'n beswaar wat die teenstanders van die kinderdoop opper. Hulle sê dat 'n mens kinders nie kan doop nie, want hulle glo nog nie en jy weet ook nie of hulle sal glo nie. Dit is ook waar. 'n Babatjie kan nie bewustelik glo soos 'n volwassene nie. Maar 'n kind word mos nie gedoop omdat hy glo of omdat hy sal glo nie. Hy word gedoop omdat God vir hom sê: Ek is jou God en deur die geloof sal jy my kind wees. God maak 'n belofte aan die kind en die ouers is verplig om die kind in die geloof op te voed. God voorspel nie dat die kind sal glo nie. Hy sê sy belofte aan die kind toe: Ek is jou God. Die kind sal die belofte deur die geloof alleen kan beleef. En nou weet ons mos dat 'n mens nie uit sy eie

kan glo nie. Die Heilige Gees moet die geloof gee. Daarom kan en mag ouers vir hulle kinders bid dat die Here op grond van sy belofte ook aan hulle die geloof sal gee.

Of iemand as kind of as volwassene gedoop word, God se belofte staan altyd voorop. As dit andersom was – as die doop nie van God se belofte afhang nie maar van ons eie geloof – sou ons aan ons doop moes twyfel sodra ons twyfel in ons geloof beleef. As ek gedoop word omdat ek glo, wat word dan van my doop as ek in sonde val? Is my doop dan nou tot niet? Ons kom dus agter watter onsekerheid daar heers wanneer 'n mens die sakrament van die doop vir iets anders gebruik as waarvoor die Here dit ingestel het.

In die doop gee die Here die belofte dat Hy as Vader ons wil versorg en beskerm, as Verlosser verseël Hy die belofte dat ons op grond van Christus se offer vergifnis van sondes kan verkry, en as Heiligmaker wil Hy ons vernuwe. Hierdie belofte van die Here gaan nie tot niet wanneer ons in sonde val nie. Ons bedroef die Gees en die Here met ons sonde, ja, maar dit maak nie dat Hy sy Gees en genade van ons af wegneem nie. Omdat Hy 'n ewige verbond met ons opgerig het, mag ons weer teruggaan en om genade en vergifnis smeek.

Broers, susters en kinders, dit is dan die troos van die kinderdoop. Die Here het ons gedoop op grond van sy belofte om ons God te wees. God se belofte staan vas. Maar as ek gedoop word op grond van my geloof, kan daar nie sekerheid by my wees nie, want my geloof is nie elke dag ewe sterk nie en ek is nie elke dag ewe oortuig dat ek die Here liefhet nie. Maar omdat die doop plaasvind op grond van God se vaste belofte, kan ek seker wees; as die Heilige Gees een maal die geloof aan ons gegee het, sal Hy dit nooit van ons wegneem nie. Deur die val en opstaan in die lewe sal die Heilige Gees die gelowiges vernuwe om uiteindelik vlekkeloos in die ewige lewe in te gaan.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 90:9 (p. 456)

9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlijkheid nie wyk nie!  
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:  
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
10 Augustus 2014